# TOEKENNINGS

## Santa Gertrudis wenners 2025

>> FRANS JORDAAN, DR BEN GREYLING & ZELDA KING, LNR-Diere Produksie
Fransj@arc.agric.za

Die Nasionale Vleisbeesverbeteringskema van die LNR speel al dekades lank 'n sentrale rol in die genetiese verbetering van die Nasionale kudde in Suid-Afrika. Die hoofdoel van die skema is om die winsgewendheid en volhoubaarheid van vleisbeeproduksie te verbeter en sodoende by te dra tot nasionale en plaaslike voedselsekerheid en werkskepping. Die Skema speel dus al jare lank 'n sentrale rol, nie net in ons beesvleisbedryf nie, maar dra ook by tot die sosio-ekonomiese welstand van ons land se mense.

Die doeltreffende produksie van rooivleis is tans belangriker as ooit tevore te midde van uitdagings soos hoër insetkoste, aardverwarming met gepaardgaande droogtes en 'n toenemende wêreldbevolking. Hierdie eksterne faktore plaas enorme druk op voedselsekerheid en natuurlik ook uiteindelik op die boer in die besonder wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir voedselproduksie. Die primêre doel van die toekenningsgeleentheid is om telers te erken vir hul pogings en bydraes om doeltreffendheid en genetiese verbetering deur middel van prestasietoetsing na te streef en te bevorder.

### LNR Nasionale Toekennings

Die LNR se nasionale toekennings is 'n hoogtepunt op die land se landboukalender en die bydrae van ons lojale borge het die geleentheid weereens suksesvol en moontlik gemaak. En daarvoor is ons baie dankbaar! Borge sluit in Farmer's Weekly, Molatek, Plaas Media/Stockfarm, Vet to Farm en GMP-Leader Products SA. Verskeie kategorieë vorm deel van die toekennings en sluit onder andere kommersiële produsente en die opkomende mark in. Santa-telers het besonder goed presteer en soos altyd weer in 2025 deelnemers en wenners opgelewer. Santa-telers het toekennings ontvang in die LNR Nasionale Beste Elite Koei en LNR Nasionale Spesiale Prestasietoetsklas kategorieë.

### LNR Nasionale Spesiale Prestasietoetsklas geborg deur Plaas Media/Stockfarm

Die Santa Gertrudis-bul, SS 23 0166, van Desmond en Timmy Robertson van Brandfort in die Vrystaat is by die LNR Glen-toetssentrum in die Vrystaat getoets. Die bul het uitstekende prestasie op gemiddelde daaglikse toename met 'n indeks van 114 en 'n voeromset verhouding met 'n indeks van 108. Die toetsperiode, wat 'n aanpassingsperiode van 28 dae insluit, is altesaam 112 dae. Die toets simuleer 'n voerkraalsituasie, maar die individuele voerinname van elke bul in die toets word ook gedurende die toetsperiode gemeet.



*Die Santa Gertrudis bul SS 23 0166 en eienaars, Desmond enTimmy Robertson*

**LNR Nasionale Beste Elite Koei** geborg deur Farmer's weekly

Die Santa Gertrudis koei, DT 17 0259, van Dail Van Rensburg is as die wenner van die Santas gekroon. Die koei het uitstekende reproduksiesyfers, sy is 8 jaar oud met 7 kalwers en haar ouderdom met eerste kalwing is 22 maande. Sy het 'n tussenkalfperiode van 343 dae. Die koei het ook uitstekende teelwaardes wat beter is as die rasgemiddelde vir groei en melkproduksie.



*Die Santa Gertrudis koei DT 17 0259 en eienaar, Dail Van Rensburg*

Baie geluk aan die telers wat werklik moeite doen met volledige prestasietoetsing. Volledige prestasietoetsing vergemaklik meer akkurate seleksie vir eienskappe van ekonomiese belang binne die kudde, maar nog belangriker - dit is die bydrae tot die genetiese verbetering van die ras as geheel. Die akkuraatheid van prestasiesyfers op die veilingskatalogus verbeter ook en stel kopers in staat om meer ingeligte seleksiebesluite te neem wanneer hulle superieure genetika koop. Die LNR Nasionale toekennings kan besigtig word op Plaas TV se YouTube-kanaal: https://www.youtube.com/watch?v=dCibgtwVjQs

Baie geluk aan al die wenners! Julle stel 'n hoë standaard vir genetiese verbetering van die ras!

